



HOE LEES ONS DIE BYBEL REG?

Hoe lees gelowiges die Bybel?

1. Primitiewe lees van die teks

- ⇒ Primitiewe kulture (Afrika, Amasone...) lees teks sonder enige wetenskaplike of teologiese insig.
- ⇒ Voor-wetenskaplike beoordeling v teks vanuit hulle kultuur; lewens- en wêreldbeskouing.

2. Ongekompliseerde lees van die teks

- ⇒ Bv ongelowige, kerkloos persoon lees Bybel en ontmoet God en kom tot geloof.
- ⇒ Ongeleerde visserman by kerslig lees teks en “hoor” God met hom praat in sy konteks.

3. Amptelike voorlesing van die teks

- ⇒ Openings, vergaderings, huisgodsdienste: lees en bid sonder verdere denke of gesprek

4. Meditatiewe lees van die teks

- ⇒ Lees herhaaldelik en dink: wat sê God nou vir my?
- ⇒ Openheid dat HG my gedagtes en gevoelens kan vorm uit teks.
- ⇒ Stiltetyd of kleingroep byeenkomste.

5. Homiletiese lees van die teks

- ⇒ Preke, boodskappe, dagboekies

6. Teologiese lees van die teks

- ⇒ Wetenskaplik krities
- ⇒ Eksegese uit oorspronklike tale
- ⇒ Hermeneutiek as “korrekte interpretasie en uitleg”
- ⇒ Vir akademie, navorsing, preke, Bybelskole.

UITLEGMETODES (as voorbeeld Gen 1 en 2 se skeppingsverhale)

1. Letterlik:

- Neem elke woord en sin direk en letterlik op.
- Skepping het presies, letterlik so gebeur
- In 6 dae van 24h elk.
- Aarde is 6000 jr oud
- Die vrou is letterlik uit die man se rib gemaak en die man uit modder
- Die slang was ‘n slang wat kon praat.
- Alle wetenskaplike verklarings word as ongeloof verwerp.

2. Allegories:

- In bykans elke woord en versie is daar 'n dieper geestelike betekenis.
- Bv die vrou uit die man se rib beteken sy moet langs hom staan as sy mindere
- Die skeiding van lig en duisternis beteken eintlik geestelike lig (geloof) en duisternis (sonde).
- Die vrug wat Eva eet dui op sonde wat lekker is en dat vroue eerste daarvoor val!

3. Histories:

- Gen 1 en 2 is geskryf in die na-ballingskap tydperk toe die volk onder persiese oorheersing teruggekom het na Judea.
- Hulle het geweldige trauma ervaar deurdat hulle alles verloor het (selfs hulle almagtige God!)
- Hierdie ontredderde volk het geloofsvastigheid nodig gehad.
- Dit sou hulle alleen vind in die Almagtige God wat die hele lewe – van begin tot einde – in sy hande hou.
- Hy JHWH, is die God van hulle voorvaders, hulle God as stukkende verbondsvolk en ook die God van die hele hemel en aarde en die totale skepping.
- Die Jode het nie op hierdie stadium 'n eie skeppingsteologie gehad nie, terwyl die volke rondom – Egipte, Mesopotamië, Perse, ens – gevorderde skeppingsteorieë ontwikkel het.
- Nou bely die volk, teenoor die heidense godsdienste (maar tog leen hulle hier en daar uit hulle skeppingsverhale!), dat hulle God die enigste God is wat ook die Skepper vd heelal is.
- En so word die Skeppingsverhale van Gen 1 en 2 geskryf.

4. Literêr:

- Respekteer die teks se eie aard (genre): geskiedenis; gedig; brief; lied; profesie; wysheid, ens.
- Ons lees bv liefdesbrief (emosioneel) anders as koerant (feite – dalk?) en anders as 'n gedig (poëties, simbolies).
- Gen 1 en 2 is NIE geskiedenis of biologie of geologie nie. anders sou ons onsinnige vrae vra soos: waar kry die eerste mans hulle vroue? Hoe was daar lig en donker voordat die son geskep is? Hoe kon die eerste 3 dae gewone dae gewees het as die son en maan eers op die vierde dag geskep is?
- Dan sou ons moes kies: wat is reg – die Bybel of die wetenskap?
- Dis net so onsinnig om die Huisgenoot te lees asof dit 'n wysheidsboek van Langenhoven is!
- Gen 1 en 2 is 'n tipiese wonderverhaal oor die Almagtige Skepper. Dit is ook 'n geloofsbelydenis oor die goeie Skepper God wat alles goed gemaak het.

5. Sakramenteel:

- Dink aan die doop en nagmaal: die water, brood en wyn het 'n dieper betekenis; die tekens sê iets meer en praat oor iemand groter as die tekens self.
- So praat die Skrif oor iemand baie groter as die Skrif self. Ons aanbid nie die Bybel nie, ons aanbid God. Die Bybel stel ons voor aan God.
- Die belangrike vraag is: wat wil die teks vir ons oor God sê? En: wat wil God uit die teks vir ons sê, of hoe wil Hy ons lewens deur die teks vorm?
- Nou neem ons die teologiese produk van die historiese en literêre insigte (die boodskap) en dra dit in ons konteks in – hier en nou waar God ons ontmoet en vorm.
- Wat is die sakramentele impak van Gen 1 en 2?
- God is die Skepper wat alles op wonderbaarlike wyse tot stand gebring het
- Hy is die Versorger en Onderhouer van sy goeie skepping
- Die mens is God se beeld (karakter) en verteenwoordiger (bestuurder – rentmeester) op aarde.
- Tog het die mens deur verkeerde keuse teen God se goeie bedoelings in, hom en haarself in sonde gedompel.
- Maar nou lees ons ook Gen 1 en 2 in die groter konteks vd hele Bybel en ons sien dat God weer in Jesus en deur die HG kom heelmaak wat die mens vernietig het.

ENKELE SLOTOPMERKINGS:

- ✓ Nie een van ons het die volle waarheid in ons besit nie, net God het. Daarom moet ons nederig met die Skrif omgaan.
- ✓ God gee sy Woord en waarheid vir die geloofsgemeenskap; ons ontdek die waarheid saam, en stukkie vir stukkie. Daarom moet ons luister na medegelowiges en na die navorsing vd teologiese wetenskappe.
- ✓ Die Bybel is God se heilige Woord; daarom moet ons met respek en verantwoordelikheid daarmee omgaan.
- ✓ Mense, met ons beperkte insig en ons eie “brille”, lees die Bybel verskillend, maar tog (glo ons) met erns en onder leiding vd HG. Daarom moet ons mekaar respekteer.
- ✓ Daar is enkele verkeerde maniere om die Skrif te lees maar daar is ook verskillende regte maniere om die Skrif te lees, solank dit met kinderlike geloof in God gelees word.
- ✓ Uiteindelik is die Bybel nie 'n wetboek of 'n “papierpous” nie. Die Bybel bring ons by God, en God openbaar Homself die duidelikste in Jesus Christus. Daarom is die hoof boodskap vd Bybel altyd: God se liefde vir die mens in Jesus Christus.